



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JANUARIE 2015 Nr 60

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Tyd

"Draf jy saam huistoe?" "Nee, *sorry*, ek gaan liewers stap, anders is ek more te styf" (my verskoning). Intussen is ek so moeg dat ek nie kan draf nie. Dit na 'n *spinning*-sessie diep in die maag van die Callie Human Sentrum op die kampus. Die versoek was van 'n buurvrou, so 'n paar huise van ons af. Ons het saam *ge-spin*. Sy was bietjie in 'n klas van haar eie, oud-springbokatleet, fiks, sou na 'n *spin*-sessie nog huistoe draf. Haar naam, Elizna Prinsloo, verlede week op die ouderdom van 49, net inmeekargesak, juis terwyl sy gedraf het - sy is later in die hospitaal oorlede.

Dit was vir almal, soos gewoonlik met die skielike dood van iemand, 'n reuse skok! Dit het my weer laat dink – aan die begin van 'n nuwe jaar – oor tyd en ons tyd op aarde. Op 1 Januarie van elke jaar lê 365 dae voor ons uitgestrek, nog 'n jaar met tyd om aan werk af te staan, tyd in die bediening deur te bring... Tyd is daarom die mees kosbare kommoditeit vir elke lewende wese en die enigste met intrinsieke waarde. Dit kan nie gekoop word nie en elke persoon benodig sy eie hoeveelheid daarvan.

Wanneer dit opraak, is daar geen manier om nog te skep nie. Jy kan dit nie leen of vermeerder nie. Die realiteit is dat niemand vooraf die hoeveelheid tyd vir sy/haar leeftyd vooruit weet nie. Daarom is die dood gewoonlik 'n verrassing. Die volgende minuut het daarom ongelooflike waarde, want wie weet hoeveel minute daar nog is? In 'n werklikheid van versnelling, word dit ook baie skaars en is dit die één ding wat ons nie mag mors nie!

Die treffende woorde van Openbaring 10: 5 en 6 onderstreep dit: *Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, en die land en wat daarop is, die see wat daarin is geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: "Daar is geen tyd meer oor nie."*

Wat gaan jý met jou tyd in 2015 maak?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



VBO-VOETPAD 2015

22 JANUARIE:

Ons wil alle belangstellendes graag uitnooi na die volgende geleentheid van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika se jaarlikse konferensie:

Plek: CR Swart Auditorium, UV-Kampus

Tyd: 09:00 – 10:00; **Prof Hussein Solomon (UV):** *Political Islam: Trends, Trajectory and Future Prospects*

2 FEBRUARIE

Teologiese dag en gesprek met Fakulteit

Tyd: 09:00 – 13:00

Tema: "Die wêreld van die dominee en die dominee in die wêreld."

Erediens: Ds Martin Laubscher

Spreekers: **Prof Yolanda Dreyer** (UP) – *Die wêreld van die dominee*
Prof Theo Neethling (Dept Politieke Wetenskap) – *Dominee in die wêreld, 'n politieke perspektief*

Theo Vorster (Sakegesprek) – *Dominee in die wêreld, 'n ekonomiese perspektief*

Gesprekke: 14:00 – 16:00. Middaggesprek met twee departemente naamlik: Nuwe Testament en Sisitematiese Teologie.

Plek: UV-Kampus; **VBO-Punte:** 5

Registrasie: SMS D54675, u naam na 31029

9 – 11 FEBRUARIE

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing - Groep 2, Module 1

Tema: *Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan*

Aanbieders: Rian Venter & Gerhard Botha

LW - Plek: Parys

VBO-Punte: 20 per module

Registrasie: SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029

Fresh Expressions

18 FEBRUARIE: "Launch Day"

Tyd: 09:00 - Inligtingsdag vir alle belangstellendes

Plek: Hugenoet Gemeente (h/v Normandielaan en Picardyst, Bayswater), Bloemfontein

23 – 25 FEBRUARIE: Blok 1;

Plek: Hugenoet Gemeente (h/v Normandielaan en Picardyst, Bayswater), Bloemfontein;

VBO-Punte: 20 (per blok)

Registrasie: SMS D73967 en u naam na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.